is JESUS die SEUN VAN GOD ?



Gordon Lindsay

HOOFSTUK 1

Is Jesus die Seun van God?

Dit is die verhaal van 'n man wat 'n nuwe godsdiens wou stig. Hy raadpleeg 'n ou man en vra aan hom hoe om te begin. Laasgenoemde verseker hom dat hy hom die weg sal wys. Wat hierop volg is die wyse ou man se advies. Eerstens moet hy die leerstellings op skrif sit, en aan sy volgelinge stuur.

„Wat volg dan? wil die man weet.

Die wyse man antwoord: „Dan moet jy jouself opoffer om gekruisig en begrawe te word. Op die derde dag moet jy uit die dode opstaan en aan vyfhonderd mense verskyn."

Dit is onnodig om te verduidelik dat geen mens, behalwe Christus die Seun van God, die dood kan oorwin. Hy het ongeveer 2,000 jaar gelede as mens na die aarde toe gekom, waar Hy vir 33 jaar gewoon het. Die laaste drie jaar op aarde het Hy oor die liefde en krag van God gepreek. Hy het die siekes genees, die bedroefdes vertroos, en Sy koninkryk verkondig, wat nie van hierdie wêreld is nie; Sy koninkryk is in die hart en siel van die mens.

As die liggaam sterf leef die siel voort. Dit kan in die Koninkryk van God wees waar Jesus plek berei het, of in die Hel waar die bose Satan plek berei het.

As ons Jesus die Seun van God as regeerder van ons siel aanneem, beërwe ons die Koninkryk van God. As ons eendag sterwe, dan sal ons die ewigheid saam met Jesus deurbring. Jesus het vir sondaars gesterwe en Sy bloed gestort tot vergifnis van sondes; elkeen wat in Hom glo sal nie verlore gaan nie maar die ewige lewe beërwe.

Hel is die koninkryk van Satan. Lank gelede het hy die mens tot 'n val gebring deur hulle te belieg en te bedrieg. Die mens het God verwerp deur hul ongehoorsaamheid. Omdat God goed en rein is, is sonde ongeoorloof in Sy teenwoordigheid. Deur die sonde is die mens vir ewig van God geskei.

„Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Rom. 3:23). Die mens se uiteinde sou wees om die ewigheid saam met Satan deur te bring.

Maar God het die wêreld so liefgehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Vir drie jaar het Christus die siekes genees, melaatsheid gereinig en duiwels uitgedryf. Jesus was deur groot skare van mense gevolg en bemin. Dit het die godsdienstige leiers van dardie tyd, hatig en jaloers gemaak. Jesus is dan ook later gekruisig. Hulle was onbewus van die feit dat hulle maar net God se plan vir die mens uitgevoer het.

Nadat Jesus sy sending voltooi het, het Hy opgestaan uit die dode; en aan Sy dissipels en baie ander verskyn, wat later getuig het dat hulle die Meester gesien het en met Hom gepraat het.

„En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem." Hy het sy Hemelse Koninkryk betrek, waar Hy ook plek berei vir die gelowiges – vir diegene wat Jesus as Verlosser en Saligmaker aangeneem het.

Die Bybel wat geskryf is deur geïnspireerde manne van God, vertel ons die verhaal van Jesus die Seun van God. Ons vind die bewyse in 66 Bybelse boeke wat ons help om die Goddelike natuur van Jesus te verstaan.

BEWYSE 1 – JESUS VERKLAAR DAT HY DIE SEUN VAN GOD IS

> „Sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik – omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?" (Johannes 10:36).

Ons vind dit dwarsdeur die Skrif dat Jesus aanspraak maak daarop dat Hy die Seun van God is. Daar is godsdienstiges wat beweer dat Jesus net 'n goeie man was, maar nie 'n Goddelike natuur gehad het nie. As Jesus 'n leuen sou vertel het, toe Hy verklaar het dat Hy die Seun van God is, was Hy nie 'n goeie man nie, maar eerder 'n indringer en verleier.

Jesus maak aanspraak daarop dat Hy geleef het voor Vader Abraham: „Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek." (Johannes 8:58).

God het aan Sy Seun mag gegee om aan die mens die ewige lewe te gee: „Hy het Sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik – soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee". (Johannes 17:1-2).

BEWYSE 2 – CHRISTUS DIE ONBEKENDE KOM NA VORE

Hierdie Jesus wat skielik sy verskyning gemaak het, was so anders as ander mense. Hy kon nie met hulle vergelyk word nie want Hy was die volmaakte mens.

Die mensdom was verstom, en het gevra:

> „Waar kry Hy hierdie dinge vandaan en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur Sy hande plaasvind? Is Hy nie die timmerman, die Seun van Maria en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie by ons nie? En hulle het aanstoot aan Hom geneem." (Markus 6:23).

Met ander woorde, Sy broers en susters wat vir dertig jaar saam met Hom gewoon het, was onbewus van Sy wysheid en krag. Hulle het hom beskou as 'n persoon wie 'n bo-gemiddelde verstand gehad het, en dit was al. Jesus was 'n nederige timmerman in 'n nederige dorpie. Sy klandisie het bestaan uit die minderbevoorregtes van naburige dorpies,

en ou bekendes. Hy het net genoeg verdien om aan Sy behoeftes te voorsien.

Nogtans binne drie jaar van Sy bediening, het Hy vir miljoene wat Hom aangeneem het, die WEG, die WAARHEID en die LEWE geword. Sy woorde was sorgvuldig gekies, en neergeskryf om bewaar te word, as die woorde van iemand wat meer as net 'n man was. Alhoewel Hy deur baie gehaat was het Hy die harte van menigdes verower, wat selfs bereid was om hul lewens vir Hom op te offer.

BEWYSE 3 — SY WOORD WAS MET GESAG

Die eerste ding wat die mense verbaas het was die gesag waarmee Hy gepraat het. Alhoewel Hy met teerheid gepraat het, het Sy woorde die harte van mense diep geraak: „En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor Sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie" (Matt. 7:28-29).

Geharde soldate was geraak deur Sy teenwoordigheid. Toe die godsdienstige leiers en hoofpriesters te hore kom van die roering wat Jesus se bediening onder die skare veroorsaak het, het hulle dienaars gestuur om Hom in hegtenis te neem, maar hulle het teruggekeer met die woorde: „Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie mens nie." (Joh. 7:46). Toe die soldate gekom het om Jesus in hegtenis te neem, nadat Judas Hom met 'n kus verraai het: „Toe Hy dan vir hulle sê: Dit is Ek, het hulle agteruit gegaan en op die grond geval" (Joh. 18:6). Toe die offisier by die kruis alles waargeneem het, het hy gesê: „Waarlik, Hy was die Seun van God" (Matt. 27:54).

BEWYSE 4 — JESUS VEGEWE SONDES

> „Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het, en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat die mens is" (Joh. 2:24-25).

Soudaars hou daarvan om naby Christus te wees, nie omdat hulle op hul gemak voel in Sy teenwoordigheid nie, maar omdat hulle besef dat Hy hulle kan bevry en genees. „Ons lees in die Evangelie van Johannes van die vrou uit Samaria wat Jesus ontmoet het terwyl sy water geskep het. Sy het baie gou agtergekom dat sy nou te doene het met 'n besondere mens, veral toe Hy aan haar sê: „Want jy het vyf mans gehad en die een wat jy nou het is nie jou man nie" (Joh. 4:18). Nogtans het Jesus se vleklose lewe teenoor haar besoedelde lewe, haar nie met vrees

gevul nie, want Sy houding teenoor haar was met meegevoel en liefde. Sy het ook besef dat dieselfde persoon wat haar besoedelde verlede aan haar geopenbaar het, ook haar Verlosser en Geneesheer is. Sy kon nie gou genoeg aan haar vriende vertel wat Christus vir haar gedoen het nie; hulle antwoord aan haar was: „Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld is" (Joh. 4:42).

God is bekend met elke bose gedagte en daad van die mens: „En daar is geen skepsel onsigbaar vir Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het" (Heb. 4:13). „Eendag gaan almal geoordeel word volgens hulle dade" (Open. 20:13). „As ons ons sondes bely, Hy is grtrou en regverdig, om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" . . . . „Want Ek sal hulle onregverdigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie" (1 Joh. 1:9 – Jer. 31:34). Christus het die volle prys aan die kruis betaal. As ons Hom nou aanneem is Hy ons Verlosser. As ons versium om dit te doen, sal ons Hom as Regter ontmoet.

BEWYSE 5 – CHRISTUS ALLEEN WAS SONDER SONDE

Die wonderwerke van Jesus was afgerond deur Sy rein lewe. Die skare was verstom. Al wat Sy vyande teen Hom kon inbring was die feit dat Hy saam met sondaars geëet het, en aan Sy medemens goed gedoen het op die Sabbat. „Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is" (Matt. 9:12).

Die was 'n verstommende feit om 'n vleklose mens aan te tref in 'n sondinge wêreld waar selfs die beste mens geneig is om kwaad te doen.

Apostel Paulus wat 'n man van God was, het gesê: „Want die goeie wat ek wil, doen ek nie; maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon" (Rom. 7:19-21). „Want almal het gesondig, en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Rom. 3:23). Om tussen al hierdie sondige mense iemand wat rein en sonder sonde is te vind, kan net een ding beteken: dat Jesus die Seun van God is.

BEWYSE 6 – SY WONDERWERKE

„Van ouds af is dit nie gehoor dat iemand die oë van 'n

blindegebore mens geopen het nie. As Hy nie van God was nie, sou Hy niks kon doen nie" (Joh. 9:32-33).

Die man wie genees was, was blind gebore; Christus se vyande het probeer om die wonderwerk te verkleineer, deur te sê dat Christus nie van God was nie, ander het gesê dat net 'n sondaar sulke tekens kon doen. „Maar die man wat blind was antwoord hulle en sê: Of Hy 'n sondaar is weet ek nie. Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien" (Joh. 9:25).

Wanneer wonderwerke plaasvind glo die meeste mense. Soos Jesus dan ook gesê het: „Maar as Ek dit doen, al glo julle My nie, glo die werke, dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom" (Joh. 10:38).

'n Paar jaar gelede het 'n evangelis voor 'n groot skaar mense gestaan. Hierdie mense was geleer dat Jesus net 'n gewone man was en dat hy soos alle oorledenes in Sy graf lê. Die Prediker sê aan die skare: „Julle was gesê dat Jesus dood is; wat sal julle sê as Hy nou in die Gees verskyn en wonderwerke verrig, sal julle dan glo dat Hy leef?" Die skare stem saam dat dit 'n regverdige toets is. Die evangelis begin om vir die siekes te bid. Een na die ander word genees; blindes sien, dowes hoor, verlamdes loop. Die skare begin opgewonde uitroep: „Jesus leef! Jesus leef! Hy is besig om siekes te genees!"

So is dit; die groot wonderwerke wat vandag plaasvind, deur die krag van die Naam van Jesus, bevestig die feit dat Hy leef – dat Hy die Seun van God is wat sit aan die regterhand van God die Vader in die hemel.

BEWYSE 7 – JESUS VOORSPEL DAT KAPÉRNAÜM, GÓRASIN EN BETSAIDA TOT 'N VAL SAL KOM

„Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle. En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou" (Matt. 11:21-24).

Aan die begin van Sy bediening het Jesus Kapérnaüm Sy tuiste gemaak en in Górasin en Betsáida het Hy kragtige dade verrig. Hierdie drie stede was meer bevoorreg as die ander stede in Galiléa want die Hemelse Seun van God het tussen hulle beweeg. Hierdie stede in Noord Galiléa was geleë op die kruispaaie waar die handel roetes van die wêreld bymekaar kom. Baie van die bewoners was ryk sakemanne; wêreldse skatte het vir hulle meer beteken as die ewige dinge, alhoewel hulle kon getuig van wonderwerke wat selfs Sodom en Gemorra op hulle knieë sou bring, (twee stede wat vernietig was weens boosheid). Jesus waarsku die bewoners van die drie stede om hulle te bekeer, maar ten spyte van dit alles verkies hulle om in sonde te lewe.

Wat het met Kapérnaüm, Górasin en Betsáida gebeur? Gedurende die Joodse opstand in 65 N.C. het keiser Titus die Vyfde en Tiende Legioene van die Romeinse leer laat kom. Die Romeine begin 'n stelselmatige verwoesting van die land. Die stede van Galiléa het een vir een geval. Soos Jesus voorspel het was Kapérnaüm, Górasin en Betsáida onder die verwoeste stede. Baie van die inwoners het gesneuwel, die oorblywendes is as slawe verkoop. Kápernaüm is later deur 'n aardbewing getref wat alles wat oorgebly het verder verwoes het.

Vandag vind mens net Tiberias langs die see van Galiléa. Kapérnaüm, Gorásin en Betsáida is nooit weer opgebou nie. Hoe waar is die woorde: „Die hemel en aarde sal verby gaan maar My woorde sal nooit verby gaan nie" (Luk. 21:33).

BEWYSE 8 – JESUS VOORSPEL DAT JERUSALEM TOT 'N VAL SAL KOM

> „En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het ja, ook in hierdie dag van jou die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het nie opgemerk het nie" (Luk. 19:41-44).

Jesus voorspel dat Jerusalem sal val voordat die huidige geslag verby gegaan het. (Luk. 21:32).

Wat het gebeur? Die Jode het hulle nie aan waarskywings gesteur

nie, en het maar voortgegaan om Christene te vervolg, en te vermoor.

In die jaar 65 N.C. het die noodlottige drama begin om af te speel. Die dapper radikale Jode het gedink dat hulle die Romeinse juk kan afgooi. 'n Opstandige gees het orals kop uit gesteel. Die Jode het 'n paar oorwinnings behaal en het vas geglo dat hulle die Romeinse mag gaan breek.

Toe kom die Romeinse Legioene wat keiser Titus laat kom het, en breek deur die muur en vernietig Jerusalem.

BEWYSE 9 – JESUS VOORSPEL DAT DIE JODE AS KRYGSGEVANGENES WEGGENEEM GAAN WORD

Nadat Jesus voorspel het wat met Jerusalem gaan gebeur, het Hy ook voorspel wat met die Jode gaan gebeur omdat hulle Christus verwerp het. Jesus het aan Sy volgelinge 'n opdrag gegee om te gaan en die Evangelie aan die heidene te verkondig. Die tydperk staan bekend as die "Heidense Tydperk" (of „die tyd van die nasies").

> „En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al dié nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies, totdat die tye van die nasies vervul is" (Luk. 21:24).

Die Jode het die Goddelike beskerming verbeur toe hulle Jesus verwerp het. Na die val van Jerusalem is die oorblywendes soos diere bymekaar gemaak en aangejaag na die slawe afsetgebied. Die slawemark was stampvol en die Jode was vir laë pryse verkoop. Baie is op weg daarheen dood weens mishandeling.

Vanaf die slawe mark is die Jode oor die hele wêreld verstrooi. Jesus het voorspel dat wanneer ons sien dat die Jode na Israel terugkeer, moet ons weet dat die Koms van die Here voor die deur staan.

> „So sê die Here: In die dag as Ek julle reinig van al jul onregtighede, sal Ek die stede laat bewoon en die puinhope sal opgebou word. En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat die 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan. En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het, en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon" (Eség. 36:33-36).

BEWYSE 10 – CHRISTUS LÊ SY LEWE AF OM SY KONINKRYK TE VESTIG

Die geskiedenis boeke is vol van groot staatsmanne, magtige konings en kiesers wat magtige koninkryke opgebou het. Al hierdie koninkryke is opgebou deur die vergieting van bloed, van ander persone.

Daar is net een koninkryk wat anders is, naamlik Christus se Koninkryk. Hy het Sy eie bloed daarvoor gestort. Christus het aan Pilatus gesê: „My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Joh. 18:36). Toe Petrus Jesus wou verdedig het Hy aan hom gesê: „Sit jou swaard in sy plek terug, want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan" (Matt. 26:52).

Christus is uniek, 'n uitsondering; die enigste persoon op aarde wat Sy koninkryk nie deur die vergieting van ander se bloed opgebou het nie.

BEWYSE 11 – DIE BYBEL VOORSPEL CHRISTUS SE VERHOOR, KRUISEGING EN OPSTANDING

Die Ou Testament is deur God se geïnspireerde Profete geskrywe, wie 500 tot 1500 jaar voor Christus se geboorte gelewe het. Hulle het Jesus se geboorte en lewe op aarde honderde jare voordat die gebeurtenisse plaasgevind het voorspel.

Die Nuwe Testament wat ook deur geïnspireerde volgelinge van Christus geskrywe is, is 'n vervulling van al die voorspellings.

Vergelyk die Ou Testament se profesieë met die Nuwe Testament se vervullings:

1. Die Verlosser sou verag word (Jes. 53:3; Joh. 1:11). „Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie."

2. Hy sou deur een van die twaalf verraai word (Ps. 41:10; Mark 14:10). „Een van die twaalf het na die owerpriesters gegaan en Hom aan hulle oor te lewer."

3. Hy sou vir 30 sikkels silver verkoop word (Sag. 11:12; Matt. 26:15). „Hy was oorgelewer vir dertig silwer stukke."

4. Hy sou stilbly (Jes. 53:7; Matt. 26:62,63). „Maar Jesus het stilgebly."

5. Daar sou op Hom gespuug word (Jes. 50:6; Mark 14: 65). „En sommige het op Hom gespuug."

6. Hy sou die siekes genees (Jes. 53:4, 5; Matt. 8:14-17). „Almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak."

7. Hy sou bespot word (Ps. 22:7, 8; Matt. 8:14-17). „En die verbygangers het Hom gesmaad."

8. Hy sou vir sy vyande bid (Jes. 53:2; Matt. 27:38; Luk. 23:34). „Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

9. Sy hande en voete sou deurboor word (Ps. 22:17; Joh. 20:27). „Thomas steek sy vinger in Sy hande."

10. Hy sou asyn en gal gegee word (Ps. 69:22; Joh. 19: 29). „En hulle het 'n spons met asyn gevul, en op 'n hisopstingel gesit en aan Sy mond gebring."

11. Sy sy sou deurboor word (Sag. 12:10; Joh. 19:34). „Een van die soldate het met 'n spies in Sy sy gestreek."

12. Hulle sou die lot oor Sy gewaad werp (Ps. 22:19; Mark. 15:24). „Hulle het die lot gewerp oor Sy klere."

13. Hy sou met die rykes begrawe word (Jes. 53:9; Matt. 27:57-60). „Hy was met die rykes begrawe."

14. Hy sou die sonde van baie dra (Jes. 53:5, 8, 10, 12; Joh. 1:29). „Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

15. Hy sou opgewek word uit die dode (Ps. 16:10; Matt. 28:9). „Hy het opgestaan uit die dode."

16. Hy sou opvaar na die hemel (Ps. 68:19; Luk. 24:50, 51). „Hy sit aan die regterhand van God."

17. Hy gaan weer kom (Dan. 7:13,14; Matt. 24:30).

Al wat ons hierop kan sê is: „Waarlik Hy was die Seun van God" (Matt. 27:54).

BEWYSE 12 – HY OORWIN DIE DOOD

Deur die jare het konings, staatsmanne en manne van aansien geleef en gesterf; as mens hulle grafte sou oopmaak sou ons dit vol doodsbeendere vind. Daar is net een graf in die wêreld wat leeg is. Dit is in Jerusalem aan die voet van Gólgota waar Jesus eenmaal gelê is. Dit was daar waar die engele drie dae later aan 'n paar van Jesus se volgelinge verskyn het en aan hulle gesê het: „Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan" (Luk 24:5,6).

Jesus het gesê dat geen teken aan daardie geslag gegee sou word nie. 'n Slegte en owerspellige geslag soek nou 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van Jona die profeet" (Matt. 16:4). „Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees" (Matt. 12:40).

Die vroeë kerk het hulle geloof en inspirasie uit die tekens verkry. Jesus het vir altyd ons grootste vyand, die Dood, oorwin. Dit was hierdie oorwinning wat die apostels die krag gegee het om van 'n lewende Christus te kon getuig. „En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal" (Hand. 4:33).

BEWYSE 13 – CHRISTUS SE NUWE LIGGAAM

> „En agt dae daarna was Sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle! Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig" (Joh. 20:26-27).

Christus was die eerste mens op die aarde wat 'n verheerlikte liggaam gekry het. Die opgewekte Christus was meer as net 'n gees. Hy het 'n liggaam gehad wat ooreengestem het met sy liggaam voor die opstanding. Hy het die spyker en spies merke gehad. Sy stem was erkenbaar. Toe Jesus na Maria geroep het, het sy die Meester se stem dadelik erken. Jesus se volgelinge het Hom erken. Hy het geëet, geloop net soos

diegene met 'n fisiese liggaam, maar Hy kon indien so verkies onmiddellik ver plekke bereik en kon deur mure en geslote deure gaan.

Met die opstanding het Christus se liggaam 'n fundamentele verandering ondergaan – 'n verheerliking. Hy kon by twee wêrelde aanpas, sonder om gebonde te wees.

Hierdie openbaring van Christus se opstanding is die Christen se hoop. Want ons weet dat met die Wederkoms sal ons 'n verheerlikte liggaam soos dié van Christus ontvang, want daar staan geskrywe: „Ons sal soos Hy wees". Dit sal 'n nuwe liggaam wees, sonder siekte, of gebrek, of ouderdom – en die dood sal daar nie meer wees nie.

BEWYSE 14 – CHRISTUS SE GEBOORTEPLEK IS 500 JAAR VOOR SY GEBOORTEVOORSPEL

Jesus was die enigste persoon in die wêreld wie se geboorteplek aangewys was eeue voor sy geboorte.

> „En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan en wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:1).

Net 'n paar weke voor Jesus se geboorte, was sy moeder Maria in Nasaret. Sy het glad nie verwag om in haar toestand te reis nie, maar toe gebeur daar iets wat hulle gedwing het om te gaan.

En in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word. En almal het gegaan om ingeskryf te word, elkeen in sy eie stad. En Josef het ook opgegaan na die stad van Dawid wat BETHLEHEM genoem word, om hom te laat inskrywe saam met Maria wat swanger was. En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore seun gebaar en Hom toegedraai in doeke, en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. Tussen die diere het die grootste wonderwerk in die geskiedenis plaasgevind – die geboorte van die Christus kind. Met die uitsondering van 'n paar nederige skaapwagters aan wie die engel van die Here verskyn het, was die bewoners van die klein dorpie heeltemal onbewus van die groot gebeurtenis wat daar afgespeel het. Ja! die kind Jesus is in Bethlehem gebore soos die profeet Miga vyf eeue vantevore voorspel het.

BEWYSE 15 – DIE PROFEET JESAJA VOORSPEL 800 JAAR VOOR CHRISTUS SE GEBOORTE DAT 'N MAAGD HOM SAL BAAR

> „Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en Hom Immánuel noem" (Jes. 7:14).

Dit is dan ook wat gebeur het: „Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word Seun van God genoem word" (Luk. 1:26-38). Dit was die antwoord wat Maria van die engel Gabriël gekry het, toe sy aan hom gevra het, „Hoe sy swanger kan wees, aangesien sy geen man het nie". Ook Josef het 'n besoek van die engel gehad wat hom gerus gestel het met die volgende woorde, „Wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie; want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees" (Matt. 1:20).

Christus is die enigste persoon in die wêreld wat deur die Heilige Gees verwek is. Hy is die Seun van God en die Verlosser van die wêreld (Joh. 3:16).

BEWYSE 16 – CHRISTUS SE GEBOORTE WORD VOORSPEL 500 JAAR VOOR SY GEBOORTE

Die verstommendste feit in verband met Christus se geboorte was die juistheid van die voorspellings, alles het gebeur net soos geprofiteer was.

> „Nou moet jy weet en verstaan; van die uitgang van die woord om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe-sewe talle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk vän 'n Vors wat sal kom sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings" (Dan. 9:25-26).

Die profeet Daniël het vyf eeue V.C. geprofeteer wat die toekoms vir Jerusalem inhou. Hy sê dat Jerusalem wat in puin gelê het, weer opgebou sal word. Die profeet Jesaja het weer geprofeteer dat Koning Kóres Jerusalem sal opbou.

„Wat van Kóres sê: Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word."

Wat word bedoel met '69 weke' in die profesie van Daniël? In Bybelse taal word 'n 'week jaar' as sewe jaar beskou.

„Hou die volle bruilofs week met haar, dan sal ons jou die ander een ook gee, vir die diens wat jy nog sewe jaar by my moet volbring" (Gen. 29:27).

As 'n 'week' van jare sewe jaar is, sal 69 weke 483 jaar wees (vyf eeue). Dit was gedurende die tydperk dat Christus se beboorte in Betlehem plaasgevind het.

BEWYSE 17 – JESUS SE DOOD WORD VOORSPEL 900 JAAR VOOR SY GEBOORTE.

Die Joodse volk het vas geglo dat die Mesias sou kom om sy koninkryk op die aarde opterig. Die apostels het ook aan Jesus gevra – „Die wat bymekaar gekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle; Dit kom julle nie toe om die tye of geleentheid te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie." In Daniël 9:26 voorspel hy dat die geslafde doodgemaak sal word.

Negehonderd jaar voor die kruisiging het die Psalm digter alles voorspel:

„Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe" (Ps. 22:17).

Ons kan sien hoedat die Seun van God se geboorte, Sy dood, Sy hele lewe op aarde eeue vantevore boorspel was.

BEWYSE 18 – 'N PERSOONLIKE ONTMOETING MET JESUS

Om Christus as Verlosser en Saligmaker te ken is iets wonderlik. Hy kan doen wat geen ander godsdiens kan doen nie. Hy kan in die hart van die gelowige woon; Hy verander lewens; Hy bring vrede en vreugde in die hart van die mens; Hy maak mense vry van die sonde las.

Lees Handelinge 9 en sien wat Jesus vir Apostel Paulus gedoen het,

onthou Hy kan dieselfde vir U doen.

Hy is my Gids, Hy ken die weg;
Hy lei my veilig, altyd reg;
Net in Sy wil sal ek nou bly
Want, O ek weet, dis Hy wat lei.

HOOFSTUK II

Die Maagdelike Geboorte

In die eerste hoofstuk het ons bevestig dat Jesus die Seun van God is. Wat Hom verder besonders maak is Sy geboorte. Alhoewel Jesus Sy menslike identiteit deur sy moeder Maria verkry het was Sy Goddelike identiteit van die Heilige Gees afkomstig. Dit is die hele struktuur van die Christendom, die bonatuurlike; alhoewel Hy 'n menslike natuur deur Sy moeder verkry het was Hy nie die saad van 'n gevalle ras nie. Moses voorspel 1500 jaar V.C. dat Hy uit die saad van 'n vrou sal kom.

Ons wil hier sewe bewyse noem dat net Jesus die Seun van God 'n „maagdelike" geboorte kan hê:

1. Christus se naam in profesieë was Immánuel, „God met ons".

> „Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem" (Jes. 7:14).

2. In Matthéus 1:22, „En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word; wat die Here deur die profeet gespreek het."

3. „Maria was verloof aan Josef, voordat hulle saam gekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. Josef het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei, maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom na hom en sê: Moenie bevrees wees om Maria by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees" (Matt. 1:18-20).

4. Lukas vertel ons van die engel se besoek aan Maria.

> „Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk. 1:34,35).

5. Daar was geprofeteer dat die Messias uit die geslag van Dawid, die grootste en magtigste koning wat ooit oor die Jode regeer het, sou kom. (I Sam. 7:12-19; Ps. 89:3,4; 34-37; 132:11; Hand. 2:30; 13:22, 23). Al hierdie profesieë is vervul met die geboorte van Jesus. Maria kom uit die geslag van Dawid. Josef ook van adelike afkoms was die wetlike vader maar nie die werklike vader nie. Jesus kon nie die seun van Josef wees nie want hy was die afstammeling van koning Jekoniah, 'n bose man, want God het gesê dat sy afstammeling nie op die troon sou sit nie.

> „O land, land, land, hoor die word van die Here! So sê die Here; Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie; want dit sal niemand van sy geslag geluk om te sit op die troon van Dawid en nog oor Juda te heers nie" (Jer. 22:29,30).

Dit bevestig die feit van die maagdelike geboorte weereens.

6. Dat Jesus nie die seun van Dawid van die vaderlike kant af is nie word verder bewys, toe Hy aan die Fariseërs gevra het:

> „Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord hom: Dawid s'n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid hom in die Gees Here noem, hoe is Hy sy seun?" (Matt. 22:42-45).

Dit is duidelik dat Jesus geweet het dat Hy uit die maagd gebore was, en dat Hy nie die seun van Josef was nie.

7. Dit is duidelik uit die Twaalf Artiekels dat die Ou Kerk vaders die maagdelike geboorte van Jesus aanvaar het.

Die maagdelike geboorte maak Jesus anders as ander mans. Hy was 'n man deur Sy moeder Maria, maar Hy was ook God want Hy is verwek uit die Heilige Gees.

DIE SEUN JESUS

Josef die eggenoot van Maria was 'n regverdige man volgens die skrif. Hy was deur die rykes beskou as arm, maar hy het 'n eerlike bestaan gevoer, en het so goed as ny kon vir sy gesin gesorg. Die seuns het hul vader in die skrynwerkerswinkel gehelp.

Vanaf Jesus se agtste jaar is Hy na die sinagoge gestuur om uit die

geskrifte te leer hoe om te lees en te skryf. Ons lees in Lukas 4:16 dat Hy so goed kon lees dat dit Sy taak was om elke Sabbat uit die geskrifte voor te lees.

As kind Het Jesus nie 'n besondere indruk op die bewoners van Nasaret gemaak nie. Dit was eers toe Sy bediening begin het dat hulle verstom gestaan het oor Sy wysheid. Ons lees in Johannes van die ongeloof van Jesus se broers maar in Handelinge lees ons weer dat hulle geglo het – „Want hulle het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus en met sy broers".

Ons glo dat die jare voordat Jesus met sy bediening begin het, goed gespandeer was. Bedags het Hy in die winkel gewerk en in die aand het Hy die Heilige Skrif bestudeer.

Die jare het een vir een verbygegaan, uiteindelik het die tyd aangebreek vir Jesus om as Evangelis uit te gaan. Hy het die gereedskap neergesit en sy familie gegroet. Hy het na die Jordaan rivier gegaan waar Hy Johannes die Doper gevra het om Hom te doop. Johannes het eers geweier, maar het later ingestem. Jesus het Hom toe afgesonder; vir ses weke het Hy gevas en gebid in die wildernis.

Toe Hy sy verskyning maak het Hy begin met Sy bediening wat vir drie en 'n half jaar geduur het, maar wat die hele wêreld se fondasie geskud het.

Jesus het nie Sy bediening in Nasaret begin nie. „En Jesus sê vir hulle: 'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en onder sy familie en in sy huis" (Mark. 6:4). Nasaret was ook ver van die hoofweg geleë; Jesus het 'n plek nodig gehad wat sentraal geleë was; van Kapérnaum kon Jesus se boodskap uitgaan na die hele volk. Daarom dat Hy Kapérnaum wat langs die see van Galilea was as Sy hoofkwartiere gekies het.

Die Christendom het ontstaan tussen die bewoners van die dorpies langs die see van Galilea. Daar was die Goeie Nuus van die Evangelie uitgedra. Soms het Hy vanaf 'n klein vissersbootjie gespreek; ander tye weer vanaf die koppies, of berge. In Galilea het die skare gekom om Hom te hoor en om van hulle kwale en gebreke genees te word. Die goeie nuus is baie gou die land deur versprei; in 'n paar maande se tyd het Jesus duisende volgelinge gehad.

HOOFSTUK III

Christus Se Sending

Die was nie moeilik om te bewys dat Jesus die Seun van God was nie. As die Nuwe Testament se gebeure, sover dit die geboorte, die lewe, en dood van Jesus aanbetref, vergelyk word met die Ou Testament se voorspellings, kan ons net sê: „Waarlik Hy was die Seun van God".

Jesus is gebore gedurende 'n tydperk waarin die beskawing 'n hoë peil berek het: daar is goeie vordering gemaak in kultuur en kuns, boukuns, ens. Alhoewel kennis verbeter het kon die mens homself nie van sy sonde reinig nie.

> „Omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge, en hulle onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgegee, dat hulle wys is, het hulle dwaas geword, en die heerlikheid van die onvergankliike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere" (Romeine 1:21–23).

Die mens is alleenlik kompleet met Jesus as Verlosser wat heeltemal teenstrydig is met die idees van die blinde filosoof. Alhoewel Jesus magtige wonderwerke verrig het was Sy doel om aan die hongerige siele die brood van die lewe te gee, sodat hulle nooit geestelike honger en dors sal ken nie. Hy het gekom om 'n bekerings boodskap te bring. Toe aan Jesus vertel was van die straf wat goeweneur Pilatus aan sekere mense uitgedeel het, was Sy antwoord:

> „Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die Galileërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (Lukas 13:2,3).

Nie almal het Jesus se roep tot bekering aanvaar nie. In Noord Galilea, waar die handels roetes kruis, was die mense te besig om wêreldse skatte bymekaar te maak om hulle oor ewige dinge te be-

kommer. Alhoewel hulle diep beïndruk was met Jesus se wonderwerke was dit vir hulle onmoontlik om hulle rykdom op te gee en Jesus te volg.

> „En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?" (Matt. 19:16).

> „En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort – gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê: kom dan hier, neem die kruis op en volg My. Maar hy het treurig geword oor die woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad." (Mark. 10:21-23).

Of Christus aangeem of verwerp word, Hy bly die beslissende faktor in die mens se lewe. „En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel." (Matt. 21:44). Met ander woorde diegene wat Christus aangeneem het sal gebreek word, om dan hernu te word. Maar diegene wat Christus verwerp sal vermorsel word.

Christus se leerstellings kom pragtig na vore as 'n mens luister na Sy gesprekke met mense. Hy het altyd reg na die probleem in die lewens van mense verwys. Petrus kom na die Meester onder diepe oortuiging en sê: „Gaan weg van my Here, want ek is 'n sondige man." (Luk. 5:8). En Jesus sê aan hom: „Moenie vrees van nou af sal jy mense vang." Jesus het geweet wat in Petrus se hart aangegaan het, Hy was bewus daarvan dat Petrus baie graag 'n volgeling van Hom wou wees, ten spyte van al die struikelblokke in sy lewe.

Nikodémus, 'n godsdienstige leier, het een aand na Jesus gekom om Sy wonderwerke en ander dinge te bespreek. Maar Jesus het die geselskap na Nikodémus se geestelike behoeftes gestuur. Jesus sê vir hom: „Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." (Joh. 3:3). Nikodémus vra met verbasing in sy stem: „Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie." Jesus het hier weer geweet wat in die hart aangaan; alhoewel Nikodémus 'n geleerde godsdienstige was kon hy alleenlik die koninkryk van God geërwe as hy Jesus as Verlosser aanneem. „Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy die koninkryk van God nie ingaan nie. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het,

julle moet weer gebore word nie." Met ander woorde, almal moet 'n verandering ondergaan, ou dinge moet verbygaan, alles moet nuut word. Drie jaar later lees ons weer van Nikodémus: „En Nikodémus, wat die eerste maal in die nag na Jesus gegaan het, het ook gekom met 'n mengsel van mirre en alewee van omtrent honderd pondgewig." (Joh. 19: 38-40).

Op 'n ander keer het hulle 'n owerspelige vrou na Jesus gebring. En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: „Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap, en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig." Jesus kyk na haar met teerheid in Sy oë. Toe draai Hy na die selfregverdige godsdienstige leiers en sê aan hulle: „Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." (Joh. 8:7,8). Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe. Hy het die sondes van die aanklaers een vir een neergeskrywe. Die leiers, deur hul gewete bestraf, het een vir een weggegaan van die oudste af tot die laaste toe en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. Jesus sê vir haar: „Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou?" En sy antwoord: „Niemand nie, Here." En Jesus sê vir haar: „Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." (Joh. 8:11).

Aan 'n man wat na Jesus toe gekom het, om sy broer aan te kla oor 'n erfporsie, het Jesus gesê: „Pasop en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie." (Luk. 12:15) Jesus vertel die gelykenis van 'n ryk dwaas wie se grond baie grdra het, en wat uit selfsug groter skure wou bou om sy opbrengste in te samel. „Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie." (Luk. 12:19,20).

Toe Jesus verneem het van die dood van sy getroue vriend Lasarus, en die Jode sien ween het, het Hy geweldig bewoë geword en „Jesus het geween" (Joh. 11:35). Jesus het geweet dat Lasarus opgewek sou word. Jesus het hier geween vir „verlore sondaars" wat weens die sonde die ewige verdoeminis ingaan.

Op weg na die kruis, toe Jesus na die bedroefde vroue kyk, sê Hy aan hulle: „Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders." Jesus was altyd besorgd oor ander, en nie oor Homself nie. (Luk. 23–28).

Aan die kruis het Jesus gebid: „Vader vergeef hulle, want hulle weet

nie wat hulle doen nie." (Luk. 23-34).

Die rowers wat saam met Jesus gekruisig was, het Hom ook beledig. Een het gesê as U die Seun van God is, kom af van die kruis. Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: „Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is?" „En hy sê aan Jesus: Dink aan my Here, wanneer U in U koninkryk kom. En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." (Luk. 23:39-43).

Hulle het die liggaam van Jesus van die kruis afgehaal en in linne toegedraai en in 'n graf neergelê wat uit 'n rots gekap was. Maar op die derde dag het iets gebeur wat die wêreld sowel as die geestelike wêreld geskud het. Satan se mag is verbreek, dood is oorwin, Jesus leef! Toe sy volgelinge vroeg by die graf kom, was die steen weggerol en die graf was leeg. „En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne by hulle in blink klere. En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilea was: Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan." (Luk. 24:5-7).

Christus het werklik opgestaan en is vir ewig die Opgestane Verlosser! En hy het aan al Sy volgelinge die volgende opdraag gegee: „Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem, en as hulle iets dodelik drink, sal dit hulle geen kwaad goed nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreeek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen." (Mark. 16:15-20).

HOOFSTUK IV

Moet Ons Jesus Aanneem?

Daar is net een ware God; God Skepper van Hemel en Aarde wat bestaan het voor die grondlegging van die wêreld. God is 'n goeie God, 'n God van liefde. Hy het die mens geskep om Sy vriend en kameraad te wees.

Maar deur Satan se verraad het die mens gesondig en teen God gerebbeleer. Deur die sonde is die mens van God geskei.

God is 'n volmaakte heilige wese en kan Hom nie met sonde vereenselwig nie. Die sondige mens is dus vir ewig van God geskei. Om die mens weer in ere te herstel, het God sy eniggebore Seun gegee om die volle prys aan die kruis te betaal. As ons die Seun van God aanneem sal ons van alle sonde gereinig word, om dan as verlostes op aarde te woon, en as ons lewe op aarde eindig sal ons die ewigheid met Christus deurbring.

WAT BETEKEN DIE KRUIS VIR U?

Laat ons terugdink na die gebeure toe Christus die kruisdood gesterwe het. Nadat die wrede Romeine hom gegesel het is Hy kruis toe om die vloekdood te sterf om ons so van die vloek te verlos. Daar hang Hy met 'n verwonde liggaam. Geen pen kon Jesus se liggaams toestand beskrywe nie.

„En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur toe." Die donkerte wat oor die wêreld toegesak het, het 'n uitwerking op die skare gehad, wat dadelik hulle geraas beëindig het, en een vir een het weggegaan. Die vreeslikste volg toe Christus met 'n groot stem geroep het: „My God, my God, waarom het U My verlaat?" Dit was die oomblik toe Jesus besef het dat Sy Hemelse Vader, „Sy God", Hom verlaat het.

Alhoewel dit net vir 'n moment was, was dit die vreeslikste oomblikke vir Jesus toe God Sy Ewige Vader Hom, die Reine, Heilige sonde vir ons gemaak het, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

(II Kor. 5:21).

Christus het al die sonde van die wêreld op Hom geneem, ook JOU sonde en MY sonde.

Soos die einde nader kom, het Jesus 'n verskriklike dors ontwikkel wat deur die bloedverlies ontstaan het, en uitgeroep, „Ek het dors!" Dieselfde Jesus wat vantevore gesê het: „As iemand dors het, laat hom na My toe kon en drink." (Joh. 7:37).

Die laaste oomblikke breek aan. „En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee." (Joh. 19:30) Jesus het die volle prys betaal. Omdat Hy leef, sal ons leef.

Dit is nou u beurt om Hom as Verlosser aan te neem. As dit jou begeerte is om Jesus die Seun van God aan te neem, is jy wedergebore. Jy is nou 'n kind van God, en God die Vader is nou jou vader.

SES SKRIFTUURLIKE STAPPE TOT SALIGHEID

1. *ERKEN.* „Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." (Rom. 3:23). „O, God wees my arme sondaar genadig." (Luk. 18:13).

2. *BEKEER.* „As julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom." (Luk. 13:13). „Kom dan tot inkeer, en bekeer julle sodat julle sonde uitgewis kan word." (Hand. 3:19).

3. *BELY.* „As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (I Joh. 1:9).

4. *VERLAAT.* „Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes, en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees, want Hy vergeef menigvuldiglik." (Jes. 55:7).

5. *GLO.* „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy éniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). „Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word." (Mark. 16:16).

6. *AANNEEM* „Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het aan hulle het Hy mag (reg) gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy naam glo." (Joh. 1:11-12).

Maak nou asseblief u eie besluit en sê: „Ek is oortuig deur Gods Woord, dat ek 'n verlore sondaar is. Ek glo dat Jesus vir sondaars gesterwe het, sy bloed gestort het tot vergifnis van sondes. Daarom neem ek Hom nou aan as my God en Saligmaker, en deur Sy krag en genade, sal ek Hom bely voor alle mense."

IS JESUS THE SON OF GOD?

AFRIKAANS

Literature for the NATIONS

CHRIST FOR THE NATIONS